BURGER (Kaap), Saterdag Naweek +
Saturday, 30 January 2010, p. 2

Elke slaapkamer het 'n see-uitsig en is uiters luuks.

Sielsalige vakansie op eiland

Dit was werklik soos die prenteboekweergawe van 'n eilandvakansie, skryf ANTOINETTE PIENAAR oor haar besoek aan Le Touessrok in Mauritius.

Hulle sê mos jong mense het tyd, maar nie geld nie en later is daar wel bietjie geld, maar nie meer die tyd nie.

Huisverbande, kleuters en werkskedules laat ons dertigjariges beslis met min van albei.

Dit is seker dié dat ek nou met ander oë na Mauritius se Le Touessrok-oord kyk as in my twintigs toe stilsit die laaste ding op my agenda was.

Le Touessrok is 'n wegbreekoord, 'n plek vir romanse, vertroeteling en diep ontspanning.

Dit was met 'n tikkie skuldgevoel dat ek die kans om sonder kind of kraai weg te breek met ope arms gegryp het, maar ek het vinnig besef die oord is die soort plek waarheen jy eerder saam met jou geliefde gaan as 'n span mediakollegas.

My man het kort ná my vertrek laat weet my tweejarige jongste wou kort-kort weet waar ek was. Hy het later uit radeloosheid ophou verskonings uitdink en haar reguit meegedeel: "Mamma is in Mauritius."

Sy was glo tevrede met die antwoord, maar wou by hom weet wanneer ek dan van "Liewe Jesus" af terugkom, sodat sy my vir hom kan wegsteek.

Ek het terug ge-SMS ek swem in "Liewe Jesus" se water.

Die water was inderdaad hemels vir iemand wat eintlik gewoond is aan die koue Kaapse see.

Dit is warm en stil.

'n Mens rus eerder as swem daarin.

Dan was daar die luuksheid van kraakvars wit handdoeke wat wag op die strandstoele wat in rye onder die palmbome staan.

Dit was werklik soos die prenteboekweergawe van 'n eilandvakansie.

Elke slaapkamer het 'n see-uitsig en is uiters luuks.

As jy wil, hoef jy nie 'n vinger te lig tydens jou verblyf nie.

Daar is selfs mense in wit klere wat jou sonbril vir jou sal blink vryf, sonder dat jy vra.

Ná jou swem in die see, kan jy nog dieper gaan ontspan in 'n verhitte swembad, ook met 'n uitsig oor die see.

Le Touessrok noem dié swembadgebied sy stilsone en dit is byna 'n sonde om dit sonder 'n geliefde te betree.

Daar kom nie kinders nie. Hulle het hul eie veilige en vlak swembad 'n hele ent weg, waar hulle buite hoorafstand kan spat en lawaai sonder om die romantiese paartjies se oomblikke te steel.

Nes baie ander oorde in Mauritius, doen Le Touessrok beslis ekstra moeite vir kinders.

Hul kinderkwartiere lyk eerder soos 'n top-kleuterskool as hotel.

Op die terrein is nog 'n swembad, eetgeriewe, 'n kinderteater, boomhuis, rekenaars en artikels vir elke kinderaktiwiteit waaraan 'n mens kan dink.

Die "skooltjie" het 'n presies uitgewerkte program, so die versorging is geensins 'n geval van kinders wat bloot onder toesig in die son ronddwaal nie.

Wanneer ouers saans lus is vir 'n romantiese ete, is die kinderoppassers steeds aan diens.

Le Touessrok se restaurante is topklas.

Safran bedien net aandetes. Die spyskaart bestaan uit moderne weergawes van klassieke Indiese cuisine.

Barlen se restaurant sit byna op die strand van Trou d'Eau Doucebaai en dis daar waar jy jou kan knuppeldik eet aan sasjimi en soesji.

Le Touessrok se grootste trekpleister is waarskynlik sy gholfbaan op die Ile aux Cerfs-eiland.

Ek moet bieg ek weet so min van gholf af as my man van nagrome, maar tydens my besoek het ek moeite gemaak om te gaan kyk na dié wêreldbekende gholfbaan.

Dit is glo die eerste keer dat 'n gholfbaan so op 'n eiland gebou is.

Die 18-putjie-baan is 'n bietjie nouer as die gewone en die gras is 'n spesiale dun soort van China wat glo jou balletjie makliker laat rol.

Net die uitsig oor die see maak van die baan 'n droom speelplek vir enigiemand wat sy gholf ernstig opneem.

Die baan lê op 38 ha en is ontwerp deur die Duitse gholfkampioen Bernhard Langer wat glo wou hê dit moes 'n uitdaging wees vir ervare gholfspelers maar tog genotvol vir mense met minder ondervinding.

Die gholfbaan het 'n ten volle toegeruste klubhuis, met 'n gholfwinkel, restaurant, kroeg en toesluitkassies.

Dit het ook 'n gholfakademie met topafrigting- en binnenshuisoefengeriewe.

Die Ile aux Cerfs-eiland is maklik om te bereik met bote wat gereeld na en van die Le Touessrok-oord beweeg.

As gholf nie jou ding is nie, is daar 'n watersport-oord op die eiland, waar pedaalbote, kajakke en snorkeltoerusting verhuur word.

My voorstel is dat jy sommer jou eie duikbril en snorkel inpak, want Mauritius se water is kristalhelder en die skulpe pragtig.

Ile aux Cerfs het ook 'n snuffelmarkie waar jy aandenkings kan koop soos sarongs, mandjies en handgemaakte houtaandenkings.

Nog 'n eiland waar die aktrise Liv Tyler glo al deurnag gekuier het nadat sy haar boot gemis het, is die private Ilot Mangénie waar ons die ongelooflikste visgeregte geëet het by die Crusoe-restaurant.

Hier het ek vir die eerste keer aan 'n palmhart-slaai weggelê. Dit is 'n plaaslike dis en word uit die kern van 'n palmboomstam gemaak en ingelê.

Vir diegene wat werklik net wil ontspan, eerder as om in die omgewing rond te rits, is daar die luukse hotelspa by Le Touessrok met elke behandeling waaraan 'n mens kan dink.

Een van my saligste ondervindings was om ná 'n diep ontspannende rugmassering af te sak in die warm water van die swembad in die oord se stilsone reg buitekant die spa se voordeur.

Le Touessrok is luuks en die ideale plek vir 'n wittebrood, veral as julle al twee lief is vir uiteet en gholf.

Die kamers is klassiek, maar aards, elk met 'n espressomasjien, platskermtelevisie en butlerdiens.

■ *Naweek+* was daar as gas van die World Leisure Holidays-reisagentskap wat verskeie luukse oorde in Mauritius, die Maledive, Dubai, die Bahamas en Mexiko verteenwoordig. Ons het met Air Mauritius gevlieg.



Le Touessrok noem dié swembadgebied sy stilsone en dit is byna 'n sonde om dit sonder 'n geliefde te betree.

Romanties op die strand.

Gaan kyk

■ Mauritius se hoofstad, Port Louis, genoem na koning Louis XV, is 'n bynes van bedrywigheid en die land se sakekern. Eeu-oue strukture van klip en hout staan langs hoë kantoorgeboue, katedrale en moskees – vredeliewendheid is aan die orde van die dag op dié multikulturele eiland.

■ Port Louis se tamaai mark tussen Farquar- en Queenstraat is in 1828 gebou. Daar is alles van vars vis, vleis en groente tot klere en ander huis-toe-neem-toeristegeskenkies te kry.

■ Baie woltruie en ander wolklere wat in Suid-Afrika te koop is, word in Mauritius ontwerp en gemaak. Vergeet vir 'n wyle van die drukkende hitte buite die lugversorgde winkels en skaf 'n paar gebreide truie of serpe teen spotgoedkoop pryse aan.

■ Die Pamplemousses- botaniese tuin, amptelik bekend as die Sir Seewoosagur Ramgoolam-botaniese tuin (genoem na die premier wat Mauritius na onafhanklikheid gelei het), is 'n kort entjie se ry van Port Louis.

'n Kremetartboom staan wag by die ysterhekke en palmbome herinner jou aan die tropiese omgewing. Die yslike waterlelies, wat glo die gewig van 'n klein kind kan dra, is een van die tuin se grootste aantreklikhede.

Waar is dit?



Besoek www.letouessrokresort.com